maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek

Hy draf sodat ander kan Bybel lees

21 Junie 2016 (http://maroelamedia.co.za/2016/06/21/)

Cyril Blackburn
(http://maroelamedia.co.za/author/cyrilblackburn/)

Douw Prinsloo nadat hy die Comrades-wedloop voltooi het (Foto: Verskaf)

Hy wou net vir ’n slag van die sofa af opstaan, vertel Douw Prinsloo van Gauteng, maar het intussen meer as R17 000 vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ingesamel deur padwedlope te voltooi vir dié organisasie.

Douw het in ’n onderhoud met Maroela Media vertel hy het sedert hy begin draf het, byna 200 wedlope suksesvol voltooi en meer as 6 400 km afgelê.

Dié kranige drawwer het onlangs begin geld insamel vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

“Ek het self ’n hele kas vol Bybels, en nadat ek die eerste keer ’n ekspo van dié organisasie bygewoon en besef het daar is soveel mense sonder Bybels, het dit my hart aangeraak. Ek het geweet ek wou betrokke raak om te probeer help,” het hy vertel.

Hy het vanjaar vir die derde keer die Comrades-wedloop voltooi en ook dié wedloop gebruik om mense uit te daag om geld te skenk vir die genootskap. Verskeie vriende, familielede en weldoeners het Douw se Run4BibleRands ondersteun en meer as R10 000 is ingesamel voor die wedloop nog begin het. Die Eagle Wing Spur in die Wingtip-inkopiesentrum in Montana, Pretoria het ook R2 750 geskenk.

Hy het die Comrades-marathon saam met sy vriendin Cornelia Hutchinson gehardloop. “My mond hang oop daaroor. Ons het verwag dat ons iets soos R3 000 kon insamel, maar mense wou selfs ná die wedloop verder betrokke raak,” het hy bygevoeg.

Douw vertel ook sy eie lewe is verander. Hy het in die proses meer as 53 kg afgeskud. “Ek het op ’n dag besluit ek wil my lewe verander. Dit kon nie so aangaan nie. Ek het toe begin draf, en pluk nog al die pad die vrugte.”

Al die geld wat met dié wedloop en ander wedlope ingesamel is, is intussen aangewend om Bybels vir minderbevoorregtes aan te skaf.

Marina Stebbing van die Bybelgenootskap sê dié organisasie se Aktief vir Bybels-projek het verskeie afdelings soos Stap vir Bybels en Trap vir Bybels wat mense kan gebruik om geld in te samel.

Dit kos ongeveer R45 vir 'n sagteband-Bybel, en die genootskap subsidieer die ekstra koste wat betrokke is in die drukproses van die Bybels. Ongeveer 380 Bybels kon versprei word met die geld wat Douw en Cornelia ingesamel het.

"Dit is vir ons belangrik om die Woord van die Here te versprei, daarom waardeer ons dit wanneer mense by die projekte betrokke raak," het Stebbing vertel.

Douw beplan ook om verder geld vir dié doel in te samel. "My geloof is vir my baie belangrik, en ek doen dit as 'n geloofsdaad. Alles is genade, en solank ek dit kan doen, gaan ek iets vir iemand anders probeer beteken," het hy bygevoeg.

Besoek Douw se webwerf (http://www.myownjourney.co.za/index.htm) vir meer inligting. Besoek ook die Bybelgenootskap (http://www.bybel.co.za/home/)se webwerf om uit te vind hoe om betrokke te raak.

Deel van: Goeie nuus (http://maroelamedia.co.za/kategorie/goeiegoed/goeie-nuus/)

bybel (http://maroelamedia.co.za/tag/bybel/) comrades (http://maroelamedia.co.za/tag/comrades/)

wedloop (http://maroelamedia.co.za/tag/wedloop/)

Nou pra' jý

Maroela Media wil aan alle lesers die geleentheid gee om hul mening te lug. Ons sal egter geen rassisme, seksisme, homofobie, vieslike persoonlike opmerkings, ander vorms van haatspraak of kru, kras en vuil taal duld nie. Maroela Media behou die reg voor om enige kommentaar te verwyder wat nie aan ons bepalings en voorwaardes (http://maroelamedia.co.za/bepalings-en-voorwaardes/) vir lesersdeelname voldoen nie. Redes vir die verwydering hoef nie deur Maroela Media verskaf te word nie. Hou in gedagte dat Maroela Media en jy as kommentator aanspreeklik gehou kan word indien jy iemand se regte skend. Moenie die oom of tannie in die familie wees van wie niemand hou nie.

2 Kommentare

Cornelia ·

4 ure gelede (http://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/hy-draf-sodat-ander-kan-bybel-lees/#comment-210283)

As Douw maar net besef het wat gaan kom toe hy daardie dag van die sofa af opgestaan het! Nou is hy 'n aansporing vir menige mense om ook van die sofa af op te staan en aktief te raak. Dit is vir my 'n voorreg om deel te wees van Douw se voortdurende Run4BibleRands projek en om vir meer as net my eie gesondheid en genot te hardloop.

rapporteer

antwoord (http://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/hy-draf-sodat-ander-kan-bybel-lees/?replytocom=210283#respond)

Douw Prinsloo ·

1 minuut gelede (http://maroelamedia.co.za/goeiegoed/goeie-nuus/hy-draf-sodat-ander-kan-bybel-lees/#comment-210407)

Cornelia, jy is reg, ek het nie geweet nie, maar ek is bly ek het daardie eerste stap geneem, want as ek dit nie gedoen het nie, dink net hoe anders sou my lewe vandag gewees het…? Feit is, hardloop het my een van die "rykste" mense op aarde gemaak – die vriendskappe, die wedlope, ervarings, en soos el altyd sê, dit gaan oor "Making Miles and Moments Count" ! Hardloop vir Bybels is voorwaar iets wat mens baie anders laat dink oor wat jy doen – elke tree kry skielik betekenis en waarde. Dit is vir my 'n voorreg om jou aan boord te hê saam met my, en saam met jou tree vir tree en kilometer vir kilometer by te dra vir Bybelverspreiding. Ek hoop ander atlete sal in die toekoms hande vat met ons en ook begin hardloop vir Bybels.

rapporteer

Maroela Media is 'n Afrikaanse internetkuierplek waar jy alles kan lees oor dit wat in jou wêreld saak maak – of jy nou in Suid-Afrika bly, of iewers anders woon en deel van die Afrikaanse Maroela-gemeenskap wil wees. Maroela Media se Christelike karakter is die kern van ons redaksionele beleid. Die beste van alles? Dis gratis!

Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging. Bepalings en voorwaardes (http://maroelamedia.co.za/bepalings-en-voorwaardes/) geld. © 2016 Maroela Media.

south africa